

## **Daniël 9:1-27**

### **God se tyd eis biddende gelowiges**

#### **Inleiding:**

- Slawe van tyd
  - Niemand van ons is skuldig nie.
    - Tyd het op elkeen van ons 'n houvas.
  - Elkeen van ons het daardie denkbeeldige uurglas wat besig is om baie vinnig uit te loop.
    - Dit moet klaar.
    - Ek gaan laat wees.
    - Maak vinnig.
    - Die tyd is min.
    - Tyd is geld.
  - En dan sê die prediker vir ons dat alles maar 'n gejaag is na wind.
- In Daniël 9 word ons gekonfronteer met tyd.
  - Weke, tydperke, tydsgrense.
    - Noem dit wat jy wil, maar die feit is tyd speel 'n baie belangrike rol in die gedeelte wat ons saam gelees het.
  - Tyd skep by elke mens 'n spanning.
    - Daar is 'n verwagting.
    - En die wonderlike ding dat hierdie tyd vir ons 'n aanduiding gee wanneer iets gaan gebeur.
  - So ons vra dikwels die vraag – Hoe laat gaan dit of dat gebeur?
- Daar is egter nie plek vir hierdie vraag binne Daniël 9 nie.
  - Daniël 9 antwoord nie vir ons wanneer Jesus terugkeer nie.
  - Wat wel vir ons bevestig word is die feit dat God in beheer is van tyd en daarom moet ons in God se tyd steeds biddend leef.

### **God se beloftes bring hoop**

- Ons het twee weke gelede vanuit Jeremia 29 gehoor dat die volk vir 70 jaar in ballingskap gaan wees in Babel.
  - Daarna sal God hulle weer herstel.
  - Daniël grawe homself ook in die woord van God in en kry self dan ook met hierdie teks te doen.
    - Daniël begin sy somme maak en besef dat die tyd vir hierdie uitkoms en herstel moet nou naby wees.
      - Maar Daniël skarrel nie om gou die dag en datum en presiese tyd vas te stel wanneer hulle moet terugkeer nie.
- Nee, Daniël sê self – *“Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking”*
  - Daniël fokus nie op die uurglas nie, maar op God.
- Wanneer Daniël sy gebed begin kan ons duidelik sien wat Daniël se verstaan is van wie God is.
  - Eerstens gebruik hy God se verbondsnaam.
    - Hy spreek God aan op die naam waarmee Hy homself aan Moses bekend gemaak het by die brandende bos.
      - Jahweh
        - Ek is.
        - Die God van Abraham, Isak en Jakob.
        - Die God wat beloftes maak en beloftes nakom.
    - Daniël noem ook al hierdie dinge wat God doen omdat Hy die God van die verbond is.
      - Hy bid dit nie om God daaraan te herinner nie.
      - Hy bid dit nie om God spreekwoordelik die heuning om die mond te smeer nie.
        - Nee, hy bid dit as ‘n persoonlike belydenis om te erken wie God is.
    - Daarmee saam erken Daniël dat liefde vir God beteken om God se geboorte na te kom.
      - Liefde is nie net ‘n gevoel nie.
      - Liefde beteken dat my optrede wys dat ek God liefhet.
- Hierdie inleiding van Daniël se gebed som vir ons baie duidelik op wie God is, wat Hy doen en wat Hy van ons eis.
- Dan begin Daniël met die skuldbelydenis.
  - Ons is nie God nie.

- Ons doen nie wat God doen nie.
- Ons doen ook nie wat God vra nie.
  - Daniël sluit homself nie hierby uit nie.
  - Hy bid vir die hele volk.
- Onthou hierdie is dieselfde Daniël wat 'n paar hoofstukke vantevore in 'n leeu kuil gegooi is omdat hy God steeds gedien het.
  - Hy het reg opgetree, maar steeds erken Daniël dat hy nie foutloos en sondeloos is nie.
    - Hy is deel van die probleem.
      - Daarom is dit nie 'n "Hulle-gebed" nie, maar 'n "Ons-gebed".
- Dan wys Daniël weer die kontras uit tussen God en die mens.
  - God is regverdig en ons is nie.
    - Omdat God regverdig is, is dit net reg en billik dat die volk in ballingskap is.
    - Dit is net hulle eie skuld.
      - Dit is nie God se skuld dat die volk in ballingskap is nie.
      - God kan nie blameer word nie.
        - Omdat God regverdig is, is die ballingskap die regverdige gevolg van die ongehoorsame volk.
- Daniël beseft dat dit nie nuwe nuus is nie.
  - Hy noem self dat dit in die wet van Moses opgeteken is.
    - Lev. 26:14-22 is 'n duidelike eed wat opgeteken is dat God die belofte maak – as die volk nie gehoorsaam is nie, die vloek van God oor hulle sal kom.
    - Die ballingskap, die straf, is die vervulling van God se beloftes.
      - God het die belofte gemaak en so het dit gebeur.

### **God gee genade in sy tyd**

- Maar God se beloftes is nie net straf en oordeel en genadeloosheid nie.
  - God se beloftes bied ook troos aan die gelowiges.
  - God het nie net die ballingskap beloof nie, maar ook genade en herstel.
    - Daarom kan ons verseker wees dat God ook die genade in sy tyd sal gee.
    - Daniël gaan voort in sy gebed om juis vir hierdie genade te vra.

- Maar Daniël verstaan al te goed dat hierdie genade nie uit ons uitkom nie, maar omdat God genadig is.
- Ons sien die smeking in Daniël se gebed in vers 19 wanneer Daniël uitroep –
  - Hoor Here!
  - Vergewe Here!
  - Gee tog ag op ons en tree op!
    - Die ouer vertaling sê – Moenie talm nie.
      - Daniël se desperaatheid tree na vore.
  - God moenie wag nie, kom red ons.
    - Maar daarmee saam bid Daniël nie met menslike redding op die voorgrond nie, maar God se eer.
      - Daarom vra Daniël dat God tot redding sal skyn.
        - So sien ons dat Daniël weereens na die geskrifte van Moses terugkyk waar God in Numeri 6:25 beloof dat Hy sy aangesig oor sy volk sal laat skyn.
        - God sal red.
- En onmiddelik besef Daniël dit ook.
  - Terwyl Daniël nog besig was om te bid, daag die engel Gabriël by Daniël op.
    - Die engel daag by Daniël op die tyd wanneer die aandoffer plaasvind.
      - Hierin sien ons eerstens hoe vinnig die engel daar aangekom het.
      - Maar ook wanneer die engel begin praat dan kom ons agter dat die engel reeds aan die begin van Daniël se gebed vertrek het want hy is met die begin van Daniël se gebed gestuur.
        - Gabriël kom na Daniël toe om aan hom 'n visioen te gee om God se genade en redding te kan raaksien.
          - En Daniël word vermaan en herinner om te fokus sodat hy die visioen kan verstaan.
  - Die visioen vat ons dan terug na dit wat in Jeremia 29 beloof word.
    - 70 jaar en dan sal daar herstel wees.
    - En hierdie 70 jaar begin nou einde se kant toe staan.
      - 70 jaar gaan nie hier net spesifiek oor 'n vaste tydperk van 70 nie, maar ook die simboliese getal van volheid – 10x7.

- Daar is sewentig tydperke – letterlikstaan daar sewentig sewetalle.
        - In werklikheid moet hierdie tyd van beproewing met sewe vermenigvuldig word.
          - Die opdrag aan Israel was dat daar na elke sewe jaar ‘n sabbatsjaar moes wees.
            - Dit was ‘n jaar van rus en waarin alle skuld kwytskeld is.
- In 2 Kronieke 36:21 lees ons dat die ballingskap aangehou het totdat die land vergoed is vir die sabbatsjare.
  - Die land moes herstel.
    - Die grond moes herstel.
  - Die volk se sonde was so groot dat God die straf sewevoudig meergemaak het.
- Wanneer Gabriël met Daniël praat verwys hy na jou volk en jou stad, so word Daniël in hierdie visioen gesien as die verteenwoordiger van ware Israel.
  - So sien ons dan die verklaring van die tydperke wat voorlê wat heenwys na die genade van God waar Hy uitkoms sal gee.
    - Ons gaan nie vanoggend stilstaan by die verklaring van al hierdie tydperke nie, want dit is nie die fokus nie.
      - Wat hierdie visioen vir ons wil bevestig is die feit dat God genadig is, sy beloftes bevestig en bekragtig en daarom ook uitkoms gee.
        - Daniël gee ‘n wyer perspektief op die profesie van Jeremia.
    - As ons die somme maak in Daniël 9:24-27 kom dit neer op 490 jaar wat voorlê vir Jerusalem.
      - In daardie tyd gaan daar steeds verskriklike dinge gebeur in Jerusalem.
        - In vers 27 lees ons dat daar ‘n gruwelike ding in die tempel opgerig gaan word.
          - Hierdie vervulling word bekragtig deur Jesus in Matt.24:15.
          - Hy herinner hierdeur ook die hele Jerusalem in sy profetiese rede dat die eindtyd nader kom.

- Hy herinner die hele Jerusalem aan God se beloftes.
- Daarom moet ons biddend volhard.

### **Wees biddend in God se tyd**

- Nie Jeremia 29, Daniël 9 of Jesus se woorde in Matteus 24 sê vir ons wanneer die wederkoms gaan plaasvind nie.
  - As iemand jou daarvan wil oortuig is hulle besig met 'n valse teologie.
    - Matt. 25:36 verseker ons dat nie eers die engele weet wanneer die Seun terugkeer nie – net die Vader.
- Ons word opgeroep om vas te hou aan die sekerheid dat Christus terugkeer.
  - Volhard daarom.
    - Dit beteken dat ons werklik biddend sal leef.
- Om biddend te leef beteken dat ek werklik bid tot God.
  - Dat ek sal erken wie God is, wat Hy doen en wat Hy van my verwag.
    - Daarmee saam moet ek erken dat ek so ver te kort skiet.
    - Ek kan nie by die standaard uitkom wat God stel nie.
      - God eis nie 50%, 75% of 99% nie.
      - God eis 100%.
  - Dit is iets wat ek en jy nie kan gee nie.
- Maar ons word verseker van God se genade.
  - Hierdie genade wat 'n hoogtepunt bereik op die tyd waar Christus aan die kruis uitroep – *Dit is volbring*.
    - Bid daarom ook in dankbaarheid dat God red, dat Hy genadig is en daarom dat ons ook ons hele lewe in dankbaarheid aan Hom kan wy.

### **Slot:**

- Wolf, wolf, hoe laat is dit?
  - Tyd is belangrik.
  - Dit sorg vir orde en dat dinge gebeur soos wat dit moet.
- Maar tyd hoef ons nie te regeer nie.
  - God is ook die een wat tyd geskep het.
    - Daarom is Hy ook die een wat vir ons sorg in sy tyd.

- Die Skrif sê nie vir ons op watter tyd Christus gaan terugkeer nie.
  - Maar die Goeie Nuus is dat daar wel 'n tyd is wanneer Christus sal terugkeer.